# Graad 12-uitslae 2025

**Vanjaar se matrikulante is Windhoek Afrikaanse Privaatskool se dertigste groep matrieks in die skool se dertigste bestaansjaar.** Die klas van 2025 het uitstekend gevaar in die Onafhanklike Eksamenraad (IEB) se Internasionale Kwalifikasie tydens die eindeksamen, en alle vorige rekords is oortref. Al 70 matrieks het hul graad geslaag met 69 wat gekwalifiseer het vir graadstudie aan 'n Universiteit in Namibië, Suid-Afrika of in die buiteland, en een leerling wat kwalifiseer vir diplomastudie. Die groep behaal 16 Gemiddelde A-simbole in vergelyking met 2024 se 8 gemiddelde A-simbole. Die groep behaal in graad 8 'n graad gemiddeld van 64.7% en sluit graad 12 vanjaar af met 'n graad gemiddeld van 72.01 %.

Uit die groep van 70 leerders kon 16 'n gemiddelde A-simbool verwerf, 25 'n gemiddelde B-simbool en 27 'n gemiddelde C-simbool

**Die syfers is egter slegs 'n stukkie van die WAP-suksesverhaal.** Die harde werklikheid is dat skoolverlaters vandag veel meer pyle in hul kokers moet hê as uitstekende punte en prestasies. Die nasionale deurvloeisyfer skets jaarliks 'n kommerwekkende prentjie van hoe duisende leerders nie daarin slaag om die tersiêre studiemas op te kom nie. Die maalkolk van onopgeleide werksoekers raak gevolglik al groter, en daarom kan matriek nooit as 'n wenpaal beskou word nie. Daarom is WAP se holistiese fokus veel meer as net Akademie. Dit is om 'n generasie te bemagtig wat standvastig te midde van stromsterk winde kan staan. Volwassenes wat pleks van blote boekekennis kritiese vrae kan vra, eie denke aan die dag kan lê, die wêreld om hulle kan beoordeel, konteks deurlopend kan peil en hul roepingspas doelgerig kan vind en volg.

WAP is ongelooflik trots op ons leerders se uitslae. Baie dankie aan elke onderwyser wat gehelp het om sulke uitsonderlike prestasies te behaal. Julle het ons weer eens trots gemaak, aangesien WAP na 30 jaar steeds 'n 100% slaagsyfer kan handhaaf.

1

**LIZKA DELPORT** 88.57%

2

**WIAN BUHR** 87.14%

3

**CHLOÉ ROSSOUW** 86.43%

4

**DANIELLE MÜLLER** 86.29%

5

**MAYA HENN** 85.29%

6

**LAURIKA MARITZ** 84.14%

7

**MANDI WILLIAMS** 83.43%

8

**DANIËL DE WET** 83.43%

9

**ETIENNE LOMBAARD** 81.71%

10

**GERHARD BECKER** 81.57%

11

**RENEÉ DE BEER** 81,43%

12

**CF VAN ROOYEN** 81.43%

13

**HENRI DE KLERK** 81,29%

14

**ANEMI DAMES** 80.57%

15

**COETZEE DE BRUYN** 80.43%

16

**JOANÉ WOLFAARDT** 80.14%

## Toppresteerder per vak

| Naam van Vak | Naam van Toppresteerder | Persentasie |
|---|---|---|
| Aktiewe Burgerskap | Lizka Delport<br>Maya Henn<br>Danielle Müller | 89 |
| Afrikaans Primêre Taal | CF Van Rooyen | 91 |
| Afrikaans Addisionele Taal | Raquel Van Wyk | 89 |
| Engels Primêre Taal | Nina Kronsbein | 76 |
| Engels Addisionele Taal | Lizka Delport | 93 |
| Biologie | Lizka Delport | 86 |
| Besigheidstudies | Wian Buhr | 93 |
| Duits Taal in Praktyk | Carissa Steyn | 94 |
| Fisiese Wetenskap | Lizka Delport | 86 |
| Geografie | Reneé De Beer<br>Danielle Müller<br>Myra Van ZyL | 88 |
| Gasvryheidstudies | Reneé De Beer | 85 |
| Ingenieurs Grafika en Tegnologie | Daniël De Wet | 94 |
| Kwantitatiewe Beredenering | Mari Maritz | 92 |
| Rekeningkunde | Wian Buhr | 91 |
| Rekenaarstudies | Christiaan Liebenberg | 75 |
| Toerisme | Danielle Müller | 92 |
| Wiskunde | Daniël De Wet | 93 |

## Graad 12: Uitslae

- **100%**-slaagsyfer
- **98,6%**-Universiteitstoelating
- **16** Gemiddelde A-simbole
- **150** A-simbole (per vak)
- **156** B-simbole (per vak)
- **128** C-simbole (per vak)
- **Finale eksamen**: Graadgemiddeld – 72.01%

## Graad 12: Presteerders

**Prestasies volgens gemiddeldes**

- 16 Leerlinge behaal 'n gemiddelde A-simbool
- 25 Leerlinge behaal 'n gemiddelde B-simbool
- 27 Leerlinge behaal 'n gemiddelde C-simbool
- 2 Leerlinge behaal 'n gemiddelde D-simbool

## Graad 12: Presteerders

**Leerlinge wat drie of meer onderskeidings behaal:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Lizka Delport | **7A's** | Wian Buhr | **7A's** |
| Chloé Rossouw | **7A's** | Danielle Müller | **7 A's** |
| Maya Henn | **6A's** | Laurika Maritz | **6A's** |
| Mandi Williams | **6 A's** | Etienne Lombaard | **5 A's** |
| Gerhard Becker | **5 A's** | Reneé de Beer | **5 A's** |

## Graad 12: Presteerders

**Leerlinge wat drie of meer onderskeidings behaal:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Henri De Klerk | **5 A's** | Anemi Dames | **5 A's** |
| Joané Wolfaardt | **5 A's** | Myra van Zyl | **4 A's** |
| Daniël De Wet | **4 A's** | CF Van Rooyen | **4 A's** |
| Coetzee De Bruyn | **3 A's** | Helene du Preez | **3 A's** |
| Nina Kronsbein | **3 A's** | Sumari Coetzee | **3 A's** |
| Mikayla du Toit | **3 A's** | Luca Coffee | **3 A's** |

**Ons dank gaan aan ons Skepper wat ons geseën het in 2025. Sonder die krag en insig wat ons van Hom ontvang is die taak nie moontlik nie. Baie dankie ook aan elke onderwyser vir die uitstekende resultate, dit is die vrug van harde werk**

**In 2025 word WAP 30 jaar oud en steeds verbeter ons leerlinge jaarliks op vorige jare se prestasies. Ons bly streef na kwaliteit opleiding vir ons leerlinge om hulle voor te berei vir 'n lewe na graad 12, waar hulle waarde kan toevoeg tot ons land - Namibië.**